

Ons Haantjie

Nr 127

Aug 2016

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

ABO Medaljes toegeken aan Henning's



Links: Die Vrystaat Anglo Boere-oorlog (ABO) -medalje.
Bo: Die naam van Gert Frans Henning is op die rant van die medalje gegraveer

Ons het in die Ons Haantjie Nuusbrief nr 125 van Februarie 2016 berig oor die Facebook veiling waar die Anglo Boere-oorlog (ABO)-medalje van b5.c4.d4.e5. Gerhardus Philippus Engelbertus Henning *17-5-1877 onder die hamer gekom het. Die familiebond het ook gebie, maar ons bod is (volgens ons mening met 'n slenter) deur 'n handelaar getroef. Dit was 'n baie groot teleurstelling vir ons.

Marthinus Henning van Welkom (b7.c2.d3.e4.f3.g2. Marthinus Christoffel *15-11-1963) wat 'n versamelaar van militêre memorabilia is, het vir ons laat weet dat hy die ABO-medalje van b5.c5.d8.e2. Burger Gert Frans Henning van die Boshoff Kommando in sy versameling het. Hierdie ABO-medaljes is baie gesogde items in enige versameling van militêre memorabilia.

Die ABO-medalje is aan 27 Hennings toegeken. Al die name word in Deel 4 van Hoofstuk 13 in die Henning Familiechroniek verstrekk. Omdat Marthinus 'n

gewaardeerde en betrokke lid van die familiebond is, is ons verheug dat ons weet in wie se besit hierdie spesifieke medalje is.

Die volgende gegewens van Gert Frans Henning *31-10-1876 is aan ons bekend:

b5.c5.d8.e2. GERT FRANS HENNING *Boshof 31-10-1876, †Christiana 3-6-1963, xBoshof 14-12-1903 MARIA ELIZABETH JOUBERT *Boshof 12-2-1885, †Springs 29-5-1951. xxWed MAARTINS. xxx HESTER MAGDALENA MARIA CROUSE (gebore Rabie) *Bloemfontein Jan 1884, †Christiana 18-11-1956. xxxxxHESTER JOHANNA CATHARINA LOMBAARD (gebore Du Plessis)

Gert Frans was 'n boer en na sy sestiger jare 'n skoenmaker by uitstek. Gedurende die Anglo Boere-oorlog dien hy in die Boshof Kommando onder kmdt Koos Du Plessis en later onder kmdt Piet Jacobs. Hy neem deel aan gevegte te Colesberg, Paardeberg en Kimberley en word op 8-12-1901 naby Brandfort krygsgevangene geneem en op die eiland St Helena aangehou. Sy eggenote het die hele oorlog deur saam met haar ouers voor die Engelse uitgevlug.

Ons berig ook in hierdie nuusbrief van die afsterwe van Gert Frans Henning se jongste seun – Abraham Johannes (Apie) Henning *13-1-1921 op 19 Maart 2016 in die ouderdom van 95 jaar. Dit is jammer dat oom Apie nooit gewet het dat sy pa se medalje veilig in die hande van een van ons Hennings beland het nie



b5.c5.d8.e2. Gert Frans Henning *31-10-1876, sy eggenote Maria Elizabeth (gebore Joubert) *12-2-1885 en vier van hulle kinders, v.l.n.r. f7 Maria Elizabeth *14-5-1927, f1 Gabriël Jan Andries * 12-9-1904, f5. Gert Frans *3-11-1916 en f6. Abraham Johannes *13-1-1921 (Apie). Ons berig op bl 7 oor die dood van Apie op 19 Maart 2016 in die ouderdom van 95 jaar

203

AANVRAAG VOOR ZUIDAFRIKAANSE REPUBLIEK EN ORANJE-VRIJSTAAT OORLOGSMEDALJE 1899-1902. VORM "B".

Volle Naam en tegenwoordig adres.	Rang by Republieke Krijgsmachten.	Macht of Kommando waarby de Aanvrager dienst deed.	Datum en Plaats of Distrikt van Dienst.	Naam en tegenwoordig Adres van Offisiere onder wie de Aanvrager Dienst deed.	Veldtoeger of Deelname aan deelname.
Gert Frans Henning Robyn Staat Christiana	Burgers.	Boshof Distrikt onder Kommandant Koos Du Plessis Kommandant Piet Jacobs	31 Okt 1899 te Boshof Krygsgevangene naby Brandfort naby Paardeberg naby St Helena	Offisiere owerde Kommandant Vermaak.	Paardeberg Paardeberg Kimberley

Ik doe hierbij aansoek voor bovengemelde Medalje en verklaar dat bovenstaande informatie korrekt is.

G.F. Henning (Aanvrager).

Ik certificeer hierby dat ik persoonlik de aanvrager ken en dat hierboven verstrekte informasie waar en korrekt is.


Goedkeuring
J. P. M. ...



1. Offisiere onder welke de aanvrager diende. (Rang en Adres).
2. J. P. M. ... Offisiere die persoonlik kennis draagt van de Feiten. (Rang en Adres).
3. A. P. H. ... Burgers die met de Feiten bekend zijn. (Adres).

Gert Frans Henning *31-10-1876 se aansoek vir die ABO-medalje

Henning Uitstalling in die Kerkpleinmuseum, Aliwal-Noord



Die voorkant van die Kerkplein museum, Aliwal-Noord met die inwyding van die Henning uitstalling in 1992

Ons het oor die afgelope paar jaar verskeie kere berig oor die probleme by die Kerkpleinmuseum, Aliwal-Noord, waar die Henning Familiebond jare terug 'n uitstalling ingerig het. Verskeie lede van die Henning familie het 'n verbintenis met die hierdie gebou gehad, vandat daar met die beplanning daarvan as 'n kerkgebou in 1857 begin is. Aliwal-Noord het twee museums – die Dorpsmuseum en die Kerkplein museum, wat deur vrywilligers beman word, onder die toesig van die munisipaliteit. Die munisipaliteit het in 1987 die drie families – die De Wet's, Jouberts en Henning's - wat die eerste intekers in hierdie geweste was genooi om elkeen 'n uitstalling voor te berei. Slegs die De Wets en Hennings was in staat om aan hierdie versoek te voldoen.

Tot en met 1995 het dit nog goed gegaan en het die munisipaliteit van Aliwal-Noord volle verantwoordelikheid vir die bestuur en instandhouding van die museum aanvaar. Die twee familie uitstallings in die Kerkpleinmuseum – van

die Henning familie en die De Wet familie – moes slegs deur die twee families ingerig en in stand gehou word. 'n Museum komitee, saamgestel uit belangstellende inwoners, sou die oorhoofse bestuur, onder toesig van die munisipaliteit, behartig en gesorg het dat vrywilligers die twee museums beman. Hierdie reëling het baie goed gewerk.

Na 1995, toe 'n ANC stadsraad oorgeneem het, het alles verander en weier die munisipaliteit om enige fondse vir die bestuur of instandhouding van beide museums te voorsien. Hulle wou inderwaarheid op 'n stadium die Kerkpleinmuseum tot niet maak en die fasiliteite as 'n stoor gebruik.

Gedurende November 2003 het die Henning Familiebond 'n vergadering met die Burgemeester, me Edith Sokudela en haar bestuur aangevra, met die doel om samewerking tussen die twee partye te verbeter. Bondsekretaris, Olivier Henning het hierdie vergadering namens die Henning Familiebond bygewoon. Hy is ondersteun deur lede van die De Wet Familie en vrywilligers uit die gemeenskap.

Die persepsie het by die nuwe bewindhebbers bestaan dat hierdie museums net witmense se geskiedenis vertel. Daarom sal die munisipaliteit nie enige fondse of hulp verskaf nie. Olivier Henning het probeer om hierdie wanpersepsie aan te spreek deur uit te wys dat die museumkomitee ook alles in hulle vermoë doen om 'n uitstalling van die Xhosa kultuur op te bou. Hy het persoonlik 'n portret van die ou Xhosa-opperhoof,

Kreli (1818 – 1893) aan die Aliwal Museum geskenk, om by hulle versameling van bekende swart leiers te voeg. Hierdie portret is van onskatbare waarde vir die Xhosa volk, want daar bestaan bitter min portrette van 19de eeuse swart leiers en hierdie is die enigste wat van Kreli bestaan.

b7.c8. Olivier (OJGC) Henning *1-12-1834 (Oelman soos hy genoem is) van die plaas Damfontein, in die Aliwal-Noord distrik, was skynbaar bevriend met Kreli en het sy skoonseun, Syd Fuller (apteker en fotograaf) gekry om 'n foto van Kreli te neem. Hierdie foto is in een van Oelman se foto-albums opgeneem. Bondsekretaris Olivier het ook klem gelê op die toerisme waarde wat die museums vir die dorp inhou.

Ten spyte van pragtige beloftes van die kant van die Burgemeester, het daar tot vandag toe niks verder gebeur nie. Geen instandhouding deur die munisipaliteit nie. Blanke inwoners wat betrokke sou geraak het, is so moedeloos dat hulle al moed opgegee het. Daar is deesdae net genoeg vrywilligers om die hoof museum te beman. By die Kerkplein museum is daar slegs 'n nota op die deur dat belangstellendes die sleutel by die hoofmuseum moet gaan afhaal.

Van die kant van die bestuur van ons familiebond het ons besef dat ons uitstalling op geleende tyd is. Ons groot probleem is, waarheen gaan ons met die uitstalling, as dit in Aliwal-Noord moet sluit en wie gaan die afbreek en verwydering van artefakte behartig? Al die bestuurlede is reeds van gevorderde ouderdom en woon baie ver van Aliwal-Noord af. Daar woon ook nie meer enige lede van die familiebond te Aliwal-Noord nie.

Na aanleiding van briewe wat ons van mnr Hannes van den Berg en mev Madeleine Joubert, beide vrywilligers wat die museums beman, ontvang het, het die familiebond onlangs weer 'n skenking van R1 000.00 aan die Aliwal-Noord museum gemaak. Ons besef dit is baie min, maar dit was al wat ons op hierdie stadium kon bekostig. **Die bestuur van die familiebond is wel van plan om voortaan meer gereeld bydraes te stuur, solank as wat hierdie museums bly bestaan.**

Die briewe van Hannes van den Berg en Madeleine Joubert word hier onder aangehaal: **Brief van mnr Hannes van den Berg.** *Hier by die museums gaan dit goed. Partykeer stil, partykeer baie besig. Wat die toekoms van die museums aanbetref het ons weereens by 'n kruispad gekom waar ons moet besin oor die toekoms van die museums. Madeleine se gesondheid gaan ook agteruit want sy is 81 jaar oud. Wat my aanbetref, ek is besig om te verhuis na Springs waar ek by my oudste kind gaan woon. Ek verhuis middel Junie. Ons vertrou dat iemand binnekort na vore sal kom om by my oor te neem. Dit sal goed wees as die twee pragtige museums kan voortbestaan.*



Bondsekretaris, Olivier Henning oorhandig in 1995 'n portret van die negentiede eeuse Xhosa-opperhoof, Kreli aan mev May De Wet wat aan die hoof gestaan het van die Aliwal-Noord museums

Wat die samewerking aambetref tussen ons en die plaaslike owerheid is dit net soos in die verlede. Geen finansiële bydrae nie. Ons doen reparasies soos ons fondse dit toelaat.

Ons het weereens twee nasate van die Henning familie ontvang tot dusver die jaar. Ek kan ongelukkig nie uit die vuis hulle name noem nie. Ons gaan nou weer gesels op ons Facebook bladsye oor familie artikels se bewaring by die museums.

Brief van mev Madeleine Joubert. *Ek hoop dit gaan goed met julle. Jammer jy hoor so min van my, maar gesondheidsgewys gaan dit nie so goed met my en Gideon nie. Alles neem langer om te doen. My onthou vermoë gaan ook vinnig agteruit.*

Hannes moes vir jou geskryf het - weet nie of hy dit gedoen het nie. Vandat sy vrou oorlede is, ly hy aan depressie en is baie af. Nou word ek genoodsaak om die museums te hanteer.

Ons het probleme met fondse. Ek en my helpers raak nou te oud om strate op en af te loop om vir fondse te vra en looitjies te verkoop en pannekoek te bak.

Die De Wets het al hul goed by ons afgelaai, maar doen niks om te help met fondse en rakke te bou ens. Die museums is baie vol. Die dak van die Kerkplein museum het 'n gat in, die duiwe kom in en kan nie weer uit nie. Gideon het hulle sover doodgeskiet maar hy kan deesdae skaars loop. Hulle mors baie en veral julle en die De Wets se rietdakke loop deur. Die mense wat regmaak stel nie in klein werkies belang nie en daag net nie op nie.

Ongelukkig moet ons werkers betaal om skoon te maak. Wat vorentoe gaan gebeur weet ek nie. Ons wat by die museums werk sit baie van ons eie geld in. So kan ek aangaan, maar wil net vra dat julle asseblief weer vir ons 'n gereelde bydrae kan stuur.


Ek het onlangs 'n boek opgestel oor al die N.G.Kerk predikante en sendelinge van die eerste tot vandag. Ek het Oom Boet du Plooy se boek: Aliwal-Noord honderd jaar vertaal na Engels nadat ons navrae gehad het. Op die oomblik vertaal ek die boek van PHJ du Plessis - Oomblikke van spanning- boere-oorlog verhaal van hierdie dele en Kommandant Fouche. Dit kan ek by die huis doen maar die druk daarvan kos ook.

Ou boeke wat ons bymekaar maak verkoop goed en nadat ons die kruietuin heeltemal oorgedoen het verkoop ons kruie aan die restaurante.

As daar enigiemand is wat 'n bydrae sou wou lewer, kan u direk skakel met mev Madeleine Joubert by die E-Posadres, mjoub@lantic.net of u kan u donasie aan die familiebond stuur, om by te voeg by ons volgende donasie aan die museum. Besonderhede is as volg: ABSA Bank Villiersdorp (Tak 334 612) Rekeningnr 2890 610 423. Gebruik u naam en “museum” as verwysing.

Foto's van b6.c1.d3.e5.f3.g3. Josef Jooste Henning *2 Februarie 1916

Jopie Henning se ouers het in 1905 na Argentinië emigreer. Hy word gevolglik op die plaas Strypoort, in die distrik Escalante, Chubut in Argentinië gebore. Hy keer in 1938, saam met sy ouers terug na Suid-Afrika. Ons het onlangs die volgende interessante foto's van hom en hulle plaas in Argentinië ontvang.



Bo: Die plaashuis van Jopie Henning se ouers op die plaas Strypoort, distrik Escalanta, Chubut, Argentinië. Links: Argentynse Burgerskap sertifikaat van Josef Jooste Henning. Let op hoe sy naam deur die Spanjaarde gespel word. Onder: 'n foto van Jopie Henning en sy vrou, Maria (gebore Odendaal)



Sterftes

Dit is met leedwese wat ons berig oor die afsterwe van die volgende Henning's waarvan ons oor die afgelope drie maande verneem het:

1. b5.c5.d8.e2.f6. Abraham Johannes Henning *13-1-1921
2. b6.c1.d3.e5.f11.g3. Jan Hendrik Henning *22-10-1931
3. Karen Elise Fowels *10-4-1941 (gebore Pundsnes) eggenote van Ds Bjarne Sigurd Fowels agterkleinseun van b7.c8.d1. Martha Johanna Elizabeth Henning
4. Elise Magdalena Henning *3-12-1951 (geb. Vandenplas) eggenote van b9.c3.d3.e3.f4.g2.h2. Nicolaas Gideon Christiaan Henning
5. b1.c8.d6.e8.f1.g1. Pieter Hendrik Stephanus Henning *13-11-1949

(Let op na die intervalle van die eerste vier se geboortedatums – 1921, 1931, 1941 en 1951)

b5.c5.d8.e2.f6. Abraham Johannes Henning *13-1-1921. Oom Apie, soos hy genoem is, sterf op 19-3-2016 te Pietersburg (Polokwane) nadat sy niere en longe ingegee het, in die ouderdom van 95 jaar en twee maande. Hy het vir Anglo American gewerk as 'n finansiële



Oom Apie Henning en sy tweede vrou, Susanna. Hy sterf in die ouderdom van 95 jaar en twee maande

bestuurder en het op Pietersburg afgetree. Op 28 Januarie 1992 word oom Apie en sy vrou Jeanetta deur 'n swerm verwoede bye aangeval. Die bye het nes gemaak in 'n boom, voor in die Henning familie se tuin in Suidstr, Pietersburg en is deur 'n swerm trekbye kwaad-gemaak. Mev Jeanetta Henning sterf in hierdie aanval en haar man is met meer as 1 000 bysteke in die hospitaal opgeneem vir behandeling.

Oom Apie was vir baie jare lid van die Gideons, 'n interdenominale assosiasie van Christenbesigheids- en professionele mans. Na sy aftrede het hy hom besig gehou met die regmaak van radios en het rolbal gespeel.

Na sy vrou Jeanetta se dood, is hy in 1993 weer getroud met die weduwee Susanna Maria Elizabeth Adlam (gebore van Vuuren). Toe sy in 2011 sterf het oom Apie na Pretoria verhuis. Dit het eger nie met hom goedgegaan in Pretoria nie en in 2013 het sy stiefdogter, Drienie Vorster, wat steeds in Polokwane gebly het, hom gaan haal om by haar te kom bly.

Oom Apie is die seun van Gert Frans Henning oor wie se Anglo Boere-oorlog medalje ons op bl 1 berig. Hy verskyn ook, as 'n jong seun op die foto op bl 2

b6.c1.d3.e5.f11.g3. Jan Hendrik Henning *22-10-1931. Jan Hendrik Henning is op Maandag, 4 April 2016 in die ouderdom van 82 jaar in die Universitas Hospitaal in Bloemfontein oorlede aan 'n hartaanval. Hy word oorleef deur sy vrou, vier kinders, nege kleinkinders en vier agterkleinkinders.



Riek Henning *22-10-1931 en sy vrou Quenton. Hy sterf op 4 April 2016 in die ouderdom van 82 jaar

Hy is in Chubut, Argentinië gebore op 22 Oktober 1931. Hy was van die 2de geslag Afrikaners, wat in 1905 na Argentinië emigreer het, wat in Argentinië gebore is. Sy oorlede vader Douw Gerbrandt (b6.c1.d3.e5.f11) was van die eerste geslag wat daar gebore is in 1906.

Jan Hendrik se noemnaam was Riek. In Argentinië was sy naam in Spaans Juan Enrique vir Jan Hendrik. Hy was op sy tweede naam Enrique aangespreek en Enrique het mettertyd verander na Rique (Riekie) en later Riek. Sy moeder Petronella is in Argentinië oorlede toe hy 3 jaar oud was.

Riek het saam met sy gesin en 'n groep van 234 Afrikaner gesinne in 1938 na Suid-Afrika teruggekeer. Hy was toe 5 jaar oud. Hy was op hoërskool by die Hoër Tegniese Skool, Bloemfontein, waar hy houtwerk as vak geneem het. Hy het homself daarna as meubelmaker bekwaam.

Riek was 'n uitmuntende meubelmaker en hy was die mede-eienaar

van Republiek Meubels in Bloemfontein, wat vir baie jare landswyd bekend was vir hulle Stinkhout, Swarthout en Geelhout meubels.

Hy was baie lief vir houtwerk en nieteenstaande sy hoë ouderdom, het hy nog enkele weke voor sy dood, 'n nuwe sitkamerstel vir hulself eichandig in sy motorhuis gemaak.

Riek is op 19 Desember 1958 getroud met Quenton Mattheus en twee seuns en twee dogters is uit die huwelik gebore.

Karen Elise Fowels, eggenote van Ds Bjarne Fowels van Hjelmeland, Noorweë.

Ons het nou al verskeie kere berig oor die lewe van emeritus dominee Bjarne Fowels van Hjelmeland, Noorweë en sy familie. Bjarne se oumagrootjie was 'n nooi Henning – b7.c8.d1. Martha Johanna Elizabeth Henning gebore te Damfontein, Aliwal-Noord op 26-8-1857. Sy het getrou met die Hollandse onderwyser, Herman Zurich. Hulle het elf kinders gehad. Hul dogter, Wilhelmina Catharina Zurich *23-10-1880 was eers getroud met James Fowels, by wie sy twee kinders gehad het voordat sy getrou het met die Noorweegse skeepskaptein, Michael Landmark. Landmark het gedurende die eerste dekade van die twintigste eeu dikwels met sy skip by die Oos-Londen hawe aangedoen, waar hy vir Wilhelmina ontmoet het. Sy het dus na hul huwelik, met haar

twee kinders by haar eerste man, saam met hom na Noorweë geëmigreer. Al haar nasate het dus Noorweegse burgers geword.

Bjarne het as kapelaan vir die Noorse Seemanskerk diens gedoen in Rotterdam, Nederland; Liverpool, Engeland en sewe jaar lank in Durban, Suid-Afrika. Daarna was hy ook 'n militêre kapelaan vir 'n Noorweegse kompanie in Jordanië. Gedurende die 1980's was hy ook een van die Verenigde Nasies se vredesmonitors met die onafhanklikwording van Namibië. Gedurende sy dienstermyn in Durban het hy gewete dat sommige van sy voorsate Suid-Afrikaners was, maar hy was nie in 'n posisie om dit verder te ondersoek nie.

Later het hy in verbinding gekom met Bondsekreteraris, Olivier Henning en saam het hulle al sy Suid-Afrikaanse voorsate rekonstrueer. Ons kan sonder huiwering sê dat Bjarne baie trots op sy Henning voorsate is. Hy het hierdie liefde en trots op sy vrou en kinders oorgeplant. Bjarne is ook 'n aktiewe lid van die familiebond.

Dit is met hartseer dat ons moet berig oor die afsterwe van Bjarne se geliefde eggenote, Karen Elise. Ons herhaal graag die huldeblyk soos Bjarne dit vir ons in Engels opgestel het. Hy het goeie kennis van 13 tale, waarvan Afrikaans een is, maar hy is baie meer bedrewe in Engels.

Karen Elise was born 10 April 1941 on the farm Pundsnes, Hjelmeland. She went to Bryne High School and took her matric in Stavanger. She became telephone operator and worked in Stavanger, Oslo, Ås and Ski. She graduated at Oslo University and took exam in Norwegian elementary level. For one year she was teaching in secondary modern school, Askvik. Later in life she was teacher for asylum seekers. The church played a central part in her life. She was baptized, confirmed and married in Hjelmeland Church. Some of our children were baptized there and our youngest son also confirmed there. After marriage in 1964 we lived various places: Ski, Sauda, Kjevik, Rotterdam, Liverpool, Durban and Setesdal, before we ended up in Hjelmeland. She was accountant at the seamen's churches where we worked, and became bank clerk, first in Sparebanken Sør, later in Hjelmeland Sparebank. We travelled worldwide, and her favourite shopping place was Dubai.

"Karen Elise was such a dear and wonderful woman. She was one of the most welcoming and generous people I know, always smiling and helpful, with love and care for all," a friend recalls. She is right. KE was very fond of her family, strong, engaged, humorous and social. Everyone could come to her to get help. She was such a good friend. For 50 years she annually sent about 800 Christmas greetings – and received the same amount. She was a lady. Our native staff in South Africa appreciated her very much. The sailors loved her. She had a great concern for street children in Mocambique and elsewhere. She wrote poems for various occasions and was a humorous causeur. The Mission to Seamen and The Norwegian Mission Society were always close to her heart. She was highly estimated wherever we lived. She loved to pick wild berries and mushrooms in the forest, loved plants, gardening, cultivate vegetables, potatoes, strawberries, flowers, tomatoes, grapes and fruit trees.

She lived in prayer, and remembered every one. Every night. Sometimes in distress she could shout loudly in prayer. She had promised her mother to continue the ladies society for The Norwegian Mission Society in Hjelmeland. She knitted, did crochet and embroidery work, sewed and was clever with her hands. She was well informed

and very gifted. She was an excellent chef, and enjoyed making exotic food. Served us restaurant food daily, always with dessert, often blue berries she had picked herself. She gave without expecting to receive something in return, was so sociable and kind. To quote one of our friends: “Heaven has become much richer by getting a person like her.”

She was a proud grandmother, and lived to see her 9th grandchild, Sienna, and hold her in her arms.

Karen Elise had a by-pass operation in 1998. Before Christmas last, her health started to decline, and we understood our dream to do the pilgrimage walk together to Santiago de Compostela in Spain, would remain a dream. Three times she was taken by helicopter to Stavanger Hospital and one time by ambulance boat for serious heart failure. Each time she returned home full of optimism. In spite of several encroachments in Stavanger, she got to be operated in a hurry in Bergen and was transferred by helicopter for the operation. We sat for 10 long hours, waiting for the result. Sunniva had come from Thailand, and all our four children were looking forward to the doctors’ report. It was a complicated operation. Karen Elise was kept in coma for nearly a week and then slowly the doctors woke her up. After 2 weeks she was transported by ambulance plane to Stavanger Univ. Hospital emergency unit. 7 weeks later she was not able to stand on her feet, walk or talk. We tried to read her lips, which was not always easy. But her mind was clear all the time. She did not recover from the post operation period, and on 15 April 2016 shortly before 9 in the morning I got a phone call from the hospital that Karen Elise had stopped breathing, and the doctors tried awakening. I was only minutes away, and arrived few minutes too late.



From left: Brynjar and wife Olaug; Bjarne and wife Karen Elise; Sunniva and husband Bjorn Inge; Merete; Asgeir; Kjell, spouse of Merete.

Ds Bjarne Fowels, sy vrou Karen Elise en hulle kinders en skoonkinders in hulle volksdrag – waarop hulle baie trots is. V.l.n.r: Brynjar en sy vrou Olaug; Bjarne en sy vrou Karen Elise; Sunniva en haar man, Bjorn Inge; Merete; Asgeir; Kjell eggenoot van Merete

I felt comfort in helping to wash her and make her ready for the funeral, which was held on 26 April. We decided to do the practical things ourselves, without using undertaker, and gave the ceremony a personal character. The big wreath that covered the coffin was made by Olaug, Brynjar’s wife. So was the one shaped like a heart full red roses, from children and grand children. On the floor around the coffin were yellow roses imported from

Thailand. The piano music (partly played by Brynjar, partly by Sunniva), the hymns, the service, the solo melodies (“You wake me up”, sung by Bodil Elise, 14, and “You’ll never walk alone”, sung by her father). The song “Make me a channel of your peace”, sung by 4 of us, is in fact Franz of Assissi’s prayer. This was accompanied by saxophone and piano. Merete made a speech about her mother. The sermon was held by Sunniva’s father in law, Rev. Svein Holberg. Instead of flowers we requested a gift for Sunniva’s work for poor children in Bangkok. The song sheets with photos of KE were printed in Thailand, and her husband brought them on his arrival the night before. I knelt down and lowered the coffin into the grave.

We invited to a commemoration in the nearby hall. We had prepared open sandwiches etc. ourselves. Family and friends brought cakes and cooked coffee.


Our four children think of happy days of childhood, when mother made life secure and happy. For the children she brought up and embraced she will always be inside, as a guideline, as a compass. “Walk on, walk on with hope in your heart, and you’ll never walk alone”. Whosoever putteth his trust in the Lord shall be safe.

She knew where she was going and has reached the safe harbour. Although she is not alive any longer, her presence is still always there, beyond time and physical presence. There is another dimension. She has fought a good battle, finished her course and kept the faith. Our lived one has gone through a triumphal archway from earth into the great beyond. She will know more pain or sorrow. To quote one of her friends: “The world has lost a beautiful lady inside and out”.

The loss and pain is huge. Let us rejoice for her great life past and be glad for her present life in Heaven with Jesus, which is far better. There will come a day when we will again be reunited with our precious one. That day will be a time when there will be no sorrow. We’ve got so much to be grateful for. We will always remember how sweet and good she was. We cannot call the dead back to life, but we can prepare to go to meet them. We readjust our lives without a dear wife and mother. It is a big hole to fill.
Bjarne.

Elise Magdalena Henning *3-12-1951 (geb. Vandenplas) eggenote van b9.c3.d3.e3.f4.g2.h2. Dr Nicolaas Gideon Christiaan Henning. Elise Henning is oorlede op Saterdag 28 Mei 2016 in die ouderdom van 64 jaar en 6 maande te Lyttelton Manor Centurion. Elise is gebore op 3 Desember 1951 te Lumbumbashe {Elizabethville} Zaire (Belgiese Kongo).

Op 5jarige ouderdom het haar ouers die Belgiese Kongo met hul gesin verlaat en in Durbanville gevestig. Elise het daar



Dr Nico Henning, bekende veearts van Lyttelton-Manor, Centurion en sy vrou, Elise wat op 28 Mei 2016 oorlede is

skoolgegaan en aan die Durbanville High School gematrikuleer. Daarna is sy na die Potchefstroomse Universiteit waar sy in 1974 die graad B.Sc. Pharm in Aptekerswese ontvang.

Sy tree op 22 Januarie 1977 in die huwelik met Vernon Charles Peeters wat op 2 April 1981 oorlede is aan leukemia. Geen kinders is uit hierdie huwelik gebore nie.

In Oktober 1981 ontmoet sy vir Nico Henning (veearts) en hulle tree in die huwelik op 2 Oktober 1982. Net een dogter, Giselle is gebore op 13 Januarie 1984. Giselle is tans woonagtig in Australië en praktiseer as 'n tandarts.

As apteker was Elise baie beminde en gerespekteerd in die gemeenskap, veral in Doringkloof waar haar apteek geleë was. Sy was baie lief vir die natuur, vir haar troeteldiere, wildtuine, voëls, vir klassieke musiek - veral opera, vir lees, wêreldreise en bootvaarte. Sy was 'n merkwaardige intelligente beminde persoon.

b1.c8.d6.e8.f1.g1. Pieter Hendrik Stephanus Henning *13 November 1949 sterf op 1 April 2016 te Pretoria. Ongeveer 'n maand voor sy dood het hy (half onverwags) baie siek begin voel en is in die Intensiewe Sorgeneheid van 'n hospitaal opgeneem. 'n Week later is hy na 'n gewone saal oorgeplaas en 'n dag voor sy dood uit die hospitaal ontslaan. Pieter was die onderdele bestuurder van een van die groot Mercedes Benz handelaars in Pretoria.



Pieter Hendrik Stephanus Henning *13-11-1949, wat op 1 April 2016 oorlede is, 'n paar dae voor sy dood in 'n hospitaal in Pretoria

b7.c5.d8.e4. Onstaal Henning *1-3-1905

Ds Jurie van Wyk, 'n neef van b7.c7.d10.e4.f3. Pieter Hendrik Henning van Horison, Roodepoort, het onlangs in die NG Kerkargief te Bloemfontein navorsing gedoen. Een van die dokumente trek sy aandag en hy maak 'n afskrif vir Pieter, wat Pieter weer op sy beurt vir ons aanstuur.

Die dokument, met opskrif: "'n Groot Sending Vriend" is 'n huldeblyk wat in die tydskrif: Die Basuin van **Desember 1938** verskyn het met die dood van Onstaal Henning, 'n sendeling te Nkana, Noord-Rhodesië (Zambië). Hierdie huldeblyk deur 'n kollega, Eerwaarde W P Dippenaar gee ons 'n blik op die lewe van een van ons oorlye Hennings. Onthou asseblief dat hierdie huldeblyk gedurende 1938 gelewer is toe dit heeltemal aanvaarbaar was om van "heidene en naturelle" te praat.

Onstaal Henning is op 1 Maart 1905 te Brandfort gebore as die vierde kind van b7.c5.d8. Johannes Jacobus Henning en sy vrou Elizabeth Johanna Susanna (gebore Naude).

Soos ons mooi taal, Afrikaans vandag onder groot druk kom van die regering en ons ou taalvyande, het Afrikaans ook kort na die Anglo-Boere-oorlog onder groot druk gekom van die imperialis Lord Milner met sy verengelsingbeleid. Johannes Jacobus Henning en sy vrou Elizabeth kom na vore met die pragtige patriotiese naam, Onstaal vir hulle nuwe seuntjie.

Onstaal sterf op 14 Oktober 1938 in die jeugdige ouderdom van 33 jaar en sewe maande. Hy laat sy vrou en twee baba kindertjies van een-en-'n half jaar en ses maande agter.

Eerwaarde Dippenaar se huldeblyk lees as volg:

'N GROOT SENDINGVRIEND

(Deur Eerw. W. P. Dippenaar.)

'n Swaar Verlies

(Die Basuin, Desember 1938:9-10)

Vrydag, 14 Oktober 1938 sal altyd 'n onvergeetlike dag bly, veral vir die Sending Gemeentes van die Koperstreek, toe ons getroue vriend en helper Br. Onstaal Henning van Nkana, tot hoër diens opgeroep is. Hiermee lê ons dan 'n nederige kransie op die graf van iemand vir wie die Sendingsaak 'n heilige erns was.

Kort Lewensskets

Reeds vroeg in sy lewe het Br. Henning tot bekering gekom, en 'n ernstige verlange openbaar om siele vir Jesus te wen. Op 21-jarige leeftyd is hy na Midde-Afrika, waar die nood van die verlore gaande Heidendom hom diep aangegryp het. Daar was die verlange gebore om behalwe sy baie ander pligte ook die Evangelie van Jesus aan die Heidene te bring in hulle eie taal. (Br. Henning was toe Tabakboer in Noord Rhodesië [Zambië]). Agt en 'n half jaar gelede het hy na Nkana N.W. Rhodesië gekom waar hy hom veral beywer het vir die geestelike welsyn van beide Blankes en Heidene, en werk gelewer het wat vandag nog ryke vrugte afwerp. Die eerste Sondagskooltjie was deur hom gestig, en die Christelike bende waarvan hy die Voorsitter was, was tot groot seën vir baie.

Veral die Sendinggemeentes verloor in hom 'n dierbare vriend, 'n man met 'n brandende liefde vir die Sendingsaak (Die Basuin, Desember 1938:10). Br. Henning het nie maar oor die Sendingsaak gepraat nie, vir hom was die doen van Sendingwerk 'n heilige erns. Die besig wees in die dinge van sy Vader. Die Sendingkerk op Nkana is 'n sprekende bewys van sy liefde vir Gods Koninkryk onder die Heidene. Vir baie jare was hy die Kassier van die Sendinggemeentes van die Koperstreek, en ons het altyd gevoel ons geldsake is veilig in die hande van Broeder Henning.

Die Betekenis en Boodskap van sy Lewe.

Ons wat hom van naby geken het, voel dat God met ons praat deur daardie kosbare lewe. Soos alle mense met 'n sterk persoonlikheid was hy nie altyd reg verstaan nie. Maar eenmaal oortuig van die waarheid van 'n saak, eenmaal koers ingeslaan, was hy onwankelbaar trou. As voorvegter vir Afrikaans het hy veel gedoen om die Regering te beweeg om belang te stel in die saak.

Br. Henning was 'n toonbeeld van presiesheid, orde, deeglikheid en getrouheid, waarmee hy alles wat hy aangepak het tot 'n sukses gevoer het. Sy volk en sy Kerk het hy innig lief gehad en hom verset teen alle buitekerklike strominge. As ywerige Diaken was hy bekommerd oor siele, "Dit het vir my duidelik geword dat my eerste plig as Diaken is, om siele tot oorgawe aan Jesus te beweeg" was sy getuienis, met sy laaste

Pinkster op aarde. Hoe tog kon ons dink dat dit die laaste sou wees. Hy het gesterwe terwyl dit nog dag was - slegs 33 jaar.

Daardie kosbare lewe roep ons tot eensgesindheid, getrouheid en terugkeer tot die Vaderhuis. Wie wil sy lewenswerk onder die Heidene voortsit. Gods Koninkryk eis spoed. Wie wil Br. Henning volg op die weg van plig - 'n liefde vir die Godsryk? Sal ons antwoord met 'n besliste welmenende "Ja Here Jesus, hier is ek, stuur my?" Mag hierdie getuieis menige jong man en dogter beweeg tot oorgawe aan die Heiland. Kom jong vriend daar is 'n hoër beter lewe, die Christus Lewe. Dis daardie Lewe in ons wat ons Lewens bruikbaar en nuttig maak in die diens van God. Laat ons werk terwyl dit dag is.

Hoe algemeen bemind Br. Henning was, is bewys deur die groot getalle van beide Blankes en Naturelle wat die begrafnis bygewoon het. Die Sendingkoor het passend gesing. Ons dink nie aan hom as iemand wat dood is en nou rus nie. Hy leef. Die wat in My glo se Jesus sal lewe, al het hy ook gesterwe. Ons dank God vir hom.

Ongeukkig kon ons nie 'n foto van Onstaal Henning bekom nie.

Geldsake

Baie dankie aan almal wat oor die afgelope drie maande vir die familiebond donasies aangestuur het. Dit word opreg waardeur en dra by tot die bereiking van die familiebond se doelwitte. Elke sent van hierdie geld sal aangewend word in belang van die Henning familie en in besonder die Henning Familiebond. Ons vermeld graag die name van diegene wat R300.00 of meer bygedra het:

- Marthinus (MC) Henning en sy vrou Henesia van Welkom – R400.00
- Gerhard (GS) Henning en sy vrou Deirdré van Roylsdene, Kimberley – R400.00
- Stanley en Mary-Ann Henning van Wierdapark, Centurion en hul twee kinders Heinrich en Anél – R900.00
- Dr Pieter (PFJ) Henning van Marblehall – R350.00
- Tappies (P H) Henning en sy vrou Wanda van Farrarmere, Benoni R5 000.00
- Kobus (J S) Henning en sy vrou Anna van Waverley, Pretoria – R300.00

Baie dankie ook aan diegene wat gereeld deur middel van 'n debietorder bydraes lewer. Dit is van onskatbaie waarde!

Alle bydraes kan direk in die rekening van die Henning Familiebond inbetaal word. Die besonderhede is as volg: **ABSA Bank Villiersdorp (tak nr 334 612), Rekening nr 2890 610 423.** Dit is 'n tjekrekening. Vermeld asseblief u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing. U lidnommer verskyn op hierdie nuusbrief se kovert of as u die nuusbrief elektronies ontvang, saam met u naam in die adreskolom

